# Randjienuus

## 3 Junie 2026




**Wat 'n pragtige, elegante aand vol glans, selfvertroue en ongelooflike talent!** Al die meisies wat deelgeneem het, was ongelooflik en het met soveel grasie, styl en selfvertroue op die verhoog geskyn. Elke deelnemer het haar unieke persoonlikheid en talent gewys en die aand werklik onvergeetlik gemaak. Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle!

## JUNIOR AFDELING



- Mej. Randburg 2026 Junior – **Mia Greyling**
- Eerste Prinses – **Zeah van Zyl**
- Tweede Prinses – **Mieke du Toit**
- Mej. Kreatiwiteit 2026 Junior – **Emma Erasmus**
- Mej. Woeker 2026 Junior – **Mieke du Toit**
- Mej. Persoonlikheid 2026 Junior – **Zano Dlamini**
- Mej. Fotogenies 2026 Junior – **Roosemarein van der Merwe**







## SENIOR AFDELING

- ★ Mej. Randburg 2026 Senior – **Lee-Anay Louw**
- ★ Eerste Prinses – **Elri Coetzer**
- ★ Tweede Prinses – **Mieke Kok**
- ★ Mej. Kreatiwiteit 2026 Senior – **Mia Cummins**
- ★ Mej. Woeker 2026 Senior – **Lee-Anay Louw**
- ★ Mej. Persoonlikheid 2026 Senior – **Keira Bester**
- ★ Mej. Fotogenies 2026 Senior – **Leeyah Klein**












# 2026-KONINGINNE-AFDELING

- ★ Mej. Randburg Koningin – **Lia Pretorius**
- ★ Mej. Kreatiwiteit Koningin – **Mia van der Merwe**
- ★ Mej. Woeker Koningin – **Olivia Olivier**
- ★ Mej. Persoonlikheid Koningin – **Talia Snyders**
- ★ Mej. Fotogenies Koningin – **Mia van der Merwe**









# AMAZING RACE

2026 is Hoërskool Randburg se jaar van die gesin! Ons doelwit dié jaar is om gesinne aan te moedig om meer kwaliteit tyd saam deur te bring en kosbare herinneringe te skep. Ma-en-dogter naweek was ’n groot sukses waar ons dogters en hul ma’s saam aan ’n opwindende *Amazing Race* deelgeneem het. Daar was hope lag en spesiale oomblikke wat beslis nog lank onthou sal word. Dankie aan elke ma en dogter wat deel was van ’n besonderse naweek vol pret en saamwees!
























## GR. 10 GEOGRAFIE-UITSTAPPIE

Ons **graad 10 Geografie-leerders** het hul jaarlikse uitstappie na die *Bat Caves* terdeë geniet! Die leerders het met groot opgewondenheid deur die nou tonnels gekruip en die fassinerende ondergrondse wêreld verken. Die dag was met avontuur en hope pret gevul — 'n onvergeetlike ervaring!



# GR. 11 GEOGRAFIE-UITSTAPPIE


Ons **graad 11 Geografie-leerders** het 'n opwindende dag by Magaliesberg *Canopy Tours* beleef waar hulle deur die lug gesweef en die asemrowende berglandskap van bo bewonder het. Die *zipline*-avontuur was propvol adrenalien, lag en spanbou en het vir almal onvergeetlike herinneringe geskep – 'n dag vol pret, uitdaging en nuwe ervarings wat beslis nog lank onthou sal word.



# GR. 11 TOERISME-UITSTAPPIE

Ons **gr. 11 Toerisme-leerders** het hul eerste uitstappie na *Lesedi Cultural Village* aangepak — en wat 'n ervaring was dit nie! Van energieke Zoeloe-danse en kulturele vertonings tot die proe van tradisionele kosse soos Mopani-wurms, het die leerders 'n ware fees van Suid-Afrikaanse kultuur beleef. Die uitstappie het nie net hul kennis van toerisme verbreed nie, maar ook 'n dieper waardering vir ons land se diverse erfenis geskep. Dit was beslis 'n dag vol leer, lag en onvergeetlike herinneringe!























# SPORT

## LUGGEWEERSKIET

**Annabelle Kirstein (Gr. 10)** het op 15 en 16 Mei 2026 **Gauteng** tydens SAARA se Luggeweerskiet OVL-kampioenskappe verteenwoordig.

Sy het aan twee dissiplines deelgeneem, naamlik **3P Presisie** en **10m Presisie Staan.**

Haar uitslae soos volg:

- 3P Presisie: **Goud** (ouderdomsgroep o.16)
- 10m Presisie Staan: **Goud** (ouderdomsgroep o.16)


Baie geluk, Annabelle, ons is baie trots op jou.





## RUITERSPORT





**Ilana van den Berg (gr. 11)** en **Mareli Wassermann (gr. 12)** het die naweek van 16 en 17 Mei by die derde kwalifiserende rondte van SANESA, Ekurhuleni streek te Kaylami Equestrian Park, deelgeneem. Dit was groot klasse, **ons is trots op julle uitslae**!

Ilana Van Den Berg en 'Twice as Special'

- **24e plek** *H1SJCL80cm OtherHr*
- **28e plek** *H1SJCL80cm CompetitionHr*

Mareli Wassermann en 'Bluemoonrising'

- **Agtste plek** *H1SJCL70cm OtherHr*
- **Negende plek** *H1SJCL70cm CompetitionHr*
- **Vyfde plek** *Dressage Freestyle – Prelim*
- **18e plek** *Prix Caprilli – Beginner(a)*

# FIETSRY

**Randjies blink uit by Afrika Kontinentale Baanfietsrykampioenskappe in Nigerië.**

**Erik Breedt (Gr. 12)** het Suid-Afrika met trots tydens die Afrika Kontinentale fietsry-kampioenskappe verteenwoordig wat van 13 tot 17 Mei in Abuja, Nigerië, plaasgevind het. Erik het in die junior manskategorie deelgeneem en uitstekende prestasies gelewer.

## ERIK SE PRESTASIES:

**Nuwe Suid-Afrikaanse Nasionale Junior Rekord:**

- *Individual Pursuit*

**Goue medaljes:**

- *Team Pursuit*
- *Individual Pursuit* (met nuwe Suid-Afrikaanse rekord)
- *Elimination*

**Silwer medaljes:**

- *Madison*
- *Omnium*

Erik het in elke item waarvoor hy gekies is en waaraan hy deelgeneem het, 'n podiumposisie behaal — 'n uitsonderlike prestasie op kontinentale vlak. **Ryers wat goud verower, ontvang die gesogte Afrika-gestreepte kampioentrui**, wat hulle daarna met trots tydens ander baanfiets-byeenkomste mag dra.






Nog twee oud-Randjies het ook uitstekend tydens die kampioenskappe gevaar:


**Jean Spies – twee goue medaljes**
**Gustav Röller – vier goue medaljes en een brons medalje**

Beide het in die Elite manskategorie deelgeneem.



**Lande wat aan die kampioenskappe deelgeneem het:**

- Suid-Afrika
- Egipte
- Nigerië
- Algerië
- Benin



**Baie geluk aan Erik en ons oud-Randjies met hul uitstekende prestasies op die internasionale verhoog!**

## NETBAL

**Ons A- en B-netbalspanne** het op 9 Mei aan 'n vriendskaplike toernooi by Hoërskool Monument deelgeneem. Ons spanne het teen sterk kompetisie van **Hoërskool Monument, Hoërskool Nelspruit en Hoërskool Marais Viljoen** meegeding en **goeie uitslae behaal**. Ons is trots op die spelers se harde werk, spangees en deursettingsvermoë!



Hoërskool Randburg se netbalspanne het op 14 Mei teen Northcliff High School in ’n reeks opwindende JOMO-netbalwedstryde meegeding. Die uitslae was soos volg:

- **o. 14A:** Randburg verloor 14–9
- **o. 14B:** Randburg wen 15–12
- **o. 14C:** Gelykop 11–11
- **o. 15A:** Randburg wen 25–8
- **o. 15B:** Randburg wen 32–4
- **o. 15C:** Northcliff wen 18–8
- **o. 16A:** Randburg wen 30–12
- **o. 16B:** Randburg wen 27–3
- **o. 17A:** Randburg wen 21–7
- **o. 17B:** Randburg wen 14–8
- **Tweede span:** Randburg wen 15–10
- **Eerste span:** Randburg wen 31–19









# HOKKIE

Ons hokkie het op 20 Mei hul ligawedstryde teen Bryanston gespeel. Die uitslae is soos volg:



o.14 meisies wen 7–0
o.14 seuns wen 1–0
o.15 seuns speel gelykop 1–1
o.16 meisies wen 6–0
o.16 seuns wen 3–0
Tweede seunspan wen 1–0
Eerste seunspan wen 4–0
Eerste dogterspan wen 4–1




Baie geluk aan al ons spelers en afrigters met uitstekende uitslae! Julle harde werk en spangees wys duidelik op die veld.


















# AITKEN- EN BODEN-HOKKIETOERNOOIE

Hoërskool Randburg het op 15 tot 17 Mei puik tydens die Aitken- en Boden-hokkietoernooie meegeding en sterk karakter teen top skole gewys. Die Aitken-span het uitstekend ná hul openingswedstryd herstel en uiteindelik 'n verdienstelike vyfde plek uit 16 skole in die B-afdeling behaal. Die Boden-span het ook goeie hokkie gespeel en ná verskeie gelykop-wedstryde die toernooi in agtste plek afgesluit.

**Aitken B-afdeling resultate (Eerste seunspan):**

- Verloor 6–2 teen Hoërskool Kempton Park
- Wen 3–2 teen Curro Aurora
- Wen 3–2 teen Reddam House Bedfordview
- Kwartfinaal: Verloor 1–5 teen King Edward VII School
- 5–8 uitspeelwedstryd: Wen 5–1 teen Hoërskool Dr Malan
- 5–6 uitspeelwedstryd: Wen 4–2 teen Crawford International Lonehill
- Eindig vyfde uit 16 skole in die Aitken B-Afdeling.

**Boden B-afdeling resultate (o.15-seunspan):**

- Wen 4–1 teen Springs High School
- Wen 3–2 teen HeronBridge College
- Gelykop 1–1 teen Edenvale High School
- Kwartfinaal: Gelykop 1–1, verloor op agt sekondes teen Northcliff High School
- 5–8 uitspeelwedstryd: Gelykop 0–0, verloor op agt sekondes teen Hoërskool Marais Viljoen
- 7–8 uitspeelwedstryd: Gelykop 0–0, verloor op agt sekondes teen HeronBridge College
- Eindig agtste uit 16 skole in die Boden B-Afdeling.









# HENGEL

Gauteng Hoërskole **Hengelfinaal 2026** – Wat 'n ongelooflike prestasie deur ons meisies van Hoërskool Randburg! Die top vier Jonge Dames-spanne in Gauteng het aan die finaal deelgeneem: Noordheuwel B, Dinamika A, Dinamika B, Randburg.

Dit was 'n bitter koue oggend langs die oewer en die hengeltoestande was uitdagend met sterk wind, vasgeloopte lyne en gebreekte toerusting. Die meisies moes ook die dag heeltemal op hul eie aanpak sonder enige hulp van hul afrigters en spankapteine — van bolle maak en aas aansit, tot vis skep en die regte kombinasies uitwerk om die vis te lok, maar deur uitstekende spanwerk, deursettingsvermoë en vasberadenheid het **Abi du Toit (gr. 8) en Carmolita Reiners (gr. 10)** hul staal gewys!














## RESULTATE:


- Abi du Toit – **ses visse | 6,33 kg**
- Carmolita Reiners – **ses visse | 6,83 kg**

Randburg se Jonge Dames behaal 'n uitstekende tweede plek in die finaal!
Carmolita eindig ook derde algeheel onder die Jonge Dames. Sy vang boonop die grootste geelvis in Gauteng vir 2026 met **'n indrukwekkende vis van 1,90 kg!**

Dankie ook aan *Viskas* en Chris Homan vir die skenking van grondvoer, boldips en "floaties" aan ons hengelaars. Baie dankie aan beide Jan Vermeulen en Karel Koen vir hul afrigting en leiding van die Jonge Dames-span. Ons is ongelooflik trots op hierdie twee meisies wat die naam van Hoërskool Randburg met trots hoog gehou het!








# GHOLF

Die jaarlikse Sentraal Gauteng Gholf Unie se Junior Prysuitdeling is op 28 Mei tydens 'n spoggeleentheid by die Royal Johannesburg Gholfbaan gehou. Hoërskool Randburg het uitstekend gevaar en die seisoen vierde in die A-skoleliga afgesluit – **'n prestasie waarop ons baie trots is!**

'n Spesiale gelukwensing aan **Franco Colin (gr. 11)** wat twee gesogte toekennings ontvang het:

- Wenner van 'n toernooi by Parkview gholfbaan met 'n indrukwekkende telling van 69 (-3).
- Erkenning as lid van die Sentraal Gauteng o. 17-gholfspan.



Baie geluk, Franco! Jou harde werk, toewyding en talent maak ons trots om jou 'n Randjie te noem. Ons sien uit na nog vele hoogtepunte op die gholfbaan.




# RUGBY

Hoërskool Randburg het op 16 Mei 2026 'n uitstekende rugbydag as besoekers teen Hoërskool Fochville tydens die Virseker Noordvaal Cup beleef.

**Uitslae:**

o. 14A: Randburg wen 57–0
o. 15A: Randburg wen 28–12
o. 15B: Randburg wen 22–17
o. 16A: Randburg wen 36–0
Tweedes: Randburg wen 41–5
Eerstes: Randburg wen 57–22



# DERBY




MAMMAS WAT BID - Wat 'n spesiale vroeë oggend van eenheid, geloof en gebed! Ouers van Hoërskool Randburg en Hoërskool Linden het by Hoërskool Randburg se klubhuis saamgekom om die komende Derby in gebed op te dra — nie net vir sport nie, maar vir elke kind, onderwyser, afrigter, gesin en ondersteuner wat deel van hierdie twee skole se gemeenskappe vorm.

'n Baie spesiale oomblik van die oggend was toe Helena van Zyl, hoof van die "Mammas wat Bid" groep van Linden, 'n Bybel aan Ingrid Harper, hoof van die Randburg-tak, oorhandig het. Saam met mnr. Henk Ferreira, hoof van Linden, is die simboliese "Pendel-bybel" aan mnr. Booysen, hoof van Randburg, oorhandig.

**Hierdie Bybel sal volgende jaar weer aan Linden oorhandig word wanneer hulle in 2027 gasheer vir die Derby is — 'n nuwe tradisie wat ons glo vir jare harte gaan verbind.**

Dankie aan elke ouer van beide Hoërskole wat deel van hierdie betekenisvolle geleentheid was. Dit was besonders om te sien hoe harte saam vir ons kinders, vir ons skole, vir ons gesinne en vir ons gemeenskappe kon klop.



Eerstens kyk ons 'n bietjie na die netbaluitslae: **wat 'n wedstryd!** Ons Eerste netbalspan het alles op die baan gelos in 'n titaniese stryd teen Hoërskool Linden wat op 'n spannende 23-23 gelykop geëindig het! Van die eerste fluitjie tot die laaste sekonde was dit 'n wedstryd vol intensiteit, passie en ongelooflike spanwerk. Die skare het van opgewondenheid gedreun, ondersteuners het luidkeels gejuig en die energie langs die baan was absoluut elektries! Beide spanne het met hart en deursettingsvermoë gespeel in 'n wedstryd wat beslis nog lank onthou sal word. Ons is ongelooflik trots op ons spelers wat karakter, vasberadenheid en ware veggees gewys het.

23-23 — die telling sê gelykop, maar die trots en passie op die baan was onbeskryflik!



# NETBALUITSLAE TEEN HOËRSKOOL LINDEN

Wat 'n fantastiese middag van **netbal** vol deursettingsvermoë, spanwerk en trots! Baie geluk aan al ons spelers en afrigters met julle harde werk en uitstekende sportmangees. Ons is ongelooflik trots op elke span wat met hart en passie gespeel het. Dankie vir die toewyding en trots waarmee julle ons skool verteenwoordig het!

| | | |
|---|---|---|
| o.14A **wen** 15-13 | o.14B **wen** 14-13<br>o.14C **wen** 18-11 | o.14D **wen** 13-11 |
| o.15A **gelykop** 22-22 | o.15B verloor 13-19 | o.15C verloor 4-17 |
| o.16A **wen** 28-20 | o.16B **gelykop** 22-22 | o.17A verloor 23-26 |
| Tweede span verloor 12-24 | Eerste span **gelykop** 23-23 | **Algehele uitslae:**<br>**5 wenne**<br>**3 gelykop**<br>4 verloor |

















# RANDBURG VS LINDEN – HOKKIE-LIGAWEDSTRYDE 2026

Wat 'n ongelooflike ligaweek vir ons **Randjie-hokkie**! Ons spanne het vanjaar gewys hoeveel ons hokkieprogram gegroei het – 2026 bewys dat Randburg-hokkie besig is om groot hoogtes te bereik. Ons spelers en afrigters se harde werk begin vrugte afwerp en die gees onder ons hokkiefamilie was duidelik deur die hele reeks wedstryde sigbaar. **Hiermee die uitslae:**

| | | |
|---|---|---|
| • o.14A Seuns **wen** 2–0 | • o.14A Dogters verloor 1–2 | • o.15A Dogters **wen** 3–0<br>• |
| • o.15B Dogters speel **gelykop** 1–1 | • o.16 Seuns verloor 0–8 | • o.16 Dogters verloor 0–2 |
| • Eerste Span Seuns **wen** 2–1 | • Tweede Span Seuns speel **gelykop** 1–1 | • Eerste Span Dogters verloor 0–2 |
| • Tweede Span Dogters **wen** 1–0 | Algehele uitslae:<br>• Randburg **wen** 4<br>• Linden wen 4<br>• **Gelykop** 2 | |



# RANDBURG VS LINDEN DERBY – VOLLEDIGE RUGBY-UITSLAE

Randburg en Linden het mekaar in 'n opwindende *Virseker Noordvaal Cup* derby aangepak. Van die juniors tot die Eerste span het ondersteuners 'n dag van uitstekende skolerugby beleef, met Randburg wat op die meeste vlakke sterk vertonings gelewer het.

**Hier is hoe die spanne gevaar het:**

| | | |
|---|---|---|
| o.14A: Randburg **wen** 20-0 | o.15A: Linden wen 22-12 | o.15B: Randburg **wen** 58-0 |
| o.16A: Randburg **wen** 33-13 | Derde span: Randburg **wen** 63-5 | Tweede span: Randburg **wen** 24-17 |




- Eerste span: Randburg **wen** 32-15

**Ons rasieleier vir die Derby 2026**
is … Kyle Morton en langs hom is
Chrisjan van Niekerk.



Baie geluk aan al die spelers, afrigters en ondersteuners wat deel van 'n fantastiese derbydag was en dankie aan Linden vir goeie sportmangees en kompeterende rugby!











In Randburg gaan dit oor meer as net die wedstryd – dit gaan oor die gees op die pawiljoen, die trots van die gemeenskap en die ondersteuning wat ons span dryf! Dankie aan elke ondersteuner wat opdaag, saam skree, saam glo en altyd agter die span staan. Julle energie maak elke wedstryd spesiaal en wys wat ware Randburg-gees beteken.





# KLEREBANK

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




# RANDJIE GEBEDSWAG

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU. Almal is welkom!**



# PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.

**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**



1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.


# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**













EASY HOME SECURITY FIXES
that make a big difference
FIDELITY SERVICES GROUP
ADT
Improve outdoor lighting
Well-lit entrances, driveways, and pathways act as a strong deterrent
Secure doors and windows
Install quality locks on all gates, reinforced doors, and burglar bars where necessary. Sliding doors should have anti-lift brackets and secure locking systems to prevent forced access
Trim overgrown shrubs and trees
Keep plants trimmed near windows, doors, and perimeter walls to eliminate hiding spots and improve visibility. Trees that provide easy access over walls or fences should be cut back
Update your security company and test your system
Your armed response provider should always have your current contact details to avoid delays in an emergency
Use smart security solutions
CCTV cameras, outdoor beams, and alarm sensors allow homeowners to monitor activity remotely and respond quickly to potential threats
Create the illusion that someone is home
Use timers for lights when you're away and ask a neighbour or friend to collect your mail
Get to know your neighbours
Strong community relationships are a powerful crime deterrent. When neighbours look out for one another, suspicious activity is more likely to be spotted and reported quickly
Think like a criminal
Stand outside your gate and assess how easy it would be to access your property. Are there open windows, broken locks, or unsecured entry points?
Talk to your loved ones
Personal safety should be an ongoing conversation. Make sure everyone in the household understands basic safety habits and knows how to respond in an emergency.
ADTsa
@FidelityADT
www.adt.co.za
www.fidelity-services.com
JHB: 086 1212 400 /PTA: 086 1212 500


C&C BARNARD
BIOKINETICISTS
14 Aimee Street, Moret, Randburg, 2161
CJ: 072 495 1636 / Chardoné: 083 609 8222
www.ccbio.co.za
Services
Evaluation (Orthopaedic, clinical, wellness)
Rehabilitation (Orthopaedic, clinical, wellness)
Conditioning & weight loss
High performance training
Fitness assessment
Body composition
Sports injuries & joint pain
150m from Hs Randburg


CEDAR SOLAR
Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS
ENERGIE OUDIT
GRATIS OUDIT
Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.
Cedar Solar is gebaseer in Honeydew
Vinnige, lokale ondersteuning in JHB
15 Jaar in die industrie
Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse
Goedgekeur by Groot Banke
SCOUT
Google rating
4.7
WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.
Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn
www.cedarsolar.com
Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T&C's Apply.


Wiskunde en
WETENSKAP
HULPBRONNE
Flitskaarte (Definisies, Verbindings en lone)
Teorieboek
Vraestelle
MATH
Alles wat jy nodig het om 'n SUKSES van jou studies te maak!
Teen 'n Koste van:
R370!!
www.wenwetenskap.co.za


Granny B's B&B
Come for Biscuits, stay for Belly Rubs
079 043 7234
Big private garden
Reliable care
Individual attention
Nose-tastic snuggles
No other dogs, just yours
Yummy company
Lots of belly rubs and biscuits
R100 per night
R100 long walk 5km
R50 short walk 2km
Price is per dog
Bring own food And leashes
In the Randburg area

CRISP & CLEAN
LAUNDRY AND CLEANING

HOËRSKOOL RANDBURG
SLAGGEREED



# TROTS OM HOËRSKOOL RANDBURG SE LEERDERS EN OUERS TE ONDERSTEUN

## 'N NETJIESE LEERDER DRA MET TROTS SY/HAAR SKOOL SE NAAM.

By Crisp and Clean Appletons help ons besige ouers om seker te maak dat skooluniforms, sportdrag en formele drag altyd vars, skoon en professioneel lyk.

Ons Dienste:

- ✓ Was- en strykdienste
- ✓ Droogskoonmaak
- ✓ Sportdrag en skooluniforms
- ✓ Skoen- en tekkieskoonmaak
- ✓ Kleremaak en herstelwerk
- ✓ Duvets, linne en huishoudelike wasgoed






## HOEKOM CRISP AND CLEAN APPLETONS?

- ✓ Minder as 3km vanaf Hoërskool Randburg
- ✓ Professionele, eienaar-bestuurde diens
- ✓ Vinnige en betroubare omkeertye
- ✓ Alles word in-huis gedoen

## SELFVERTROUE BEGIN BY 'N NETJIESE VOORKOMS.

## CRISP AND CLEAN APPLETONS

• VARS • PROFESSIONEEL • BETROUBAAR •

Crisp and Clean Appletons | appletons@crispandclean.co.za | 065 546 1783 | Appletons Village Winkelsentrum

NOORDELIKE HELPMEKAAR STUDIEFONDS
ONS HELP MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

## KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

# SPORT SHACK

SPORT EQUIPMENT SPECIALIST

## 63 3rd Avenue Linden JHB

*Your one-stop shop for premium sports equipment and accessories.*

| CRICKET | HOCKEY | RUGBY | SWIMMING |
|---|---|---|---|



| TOP QUALITY GEAR FOR EVERY PLAYER | GEAR THAT DRIVES PERFORMANCE | BUILT FOR STRENGTH. MADE TO WIN. | SWIM BETTER. TRAIN SMARTER. |
|---|---|---|---|

PREMIUM QUALITY | GREAT PRICES | TRUSTED BRANDS | EXPERT ADVICE & SUPPORT

**EQUIP YOUR PASSION. ELEVATE YOUR GAME.**

076 686 8865 | sales@thesportsshack.co.za | @thesportsshack.co.za

FOR EVERY SPORT. FOR EVERY ATHLETE.


WE PROVIDE THE
BEST AVAILABLE
SOLUTIONS FOR YOUR
SKINCARE
ONE Micro-Needling Collagen treatment
ONE Pro-Active Facial treatment
ONE Skin Renewal Peel treatment
3 Month
Treatment
Plan Package
R640 per Month
079 514 7087
wellness@corinneprins.co.za
CORINNE PRINS WELLNESS
SALON & SKINCARE


Dermaplaning
R798 per treatment alone.
R400 if adding on to any Skin Resurfacing treatment.
Corinne Prins Wellness / wellness@corinneprins.co.za / 079 514 7087


CORINNE PRINS PHOTOGRAPHY
STUDIO & LIFESTYLE SHOOTS
Mothersday Special
Gift Voucher available
Family Studio shoot
(Set up from May - June 2026)
Location: Northcliff/Fairland, JHB.
UP TO 6 FAMILY MEMBERS
(ADDITIONAL FAMILY MEMBERS ARE R150 P.P)
20-30 min session
30-40 digital images
R1000
Suggested color scheme:
photography@corinneprins.co.za / 079 514 7087


MATRIC FAREWELL
2026 PACKAGE
R1350
PHOTO PACKAGE INCLUDES:
45 MINUTES
60 EDITED IMAGES
DELIVERED VIA ONLINE GALLERY
photography@corinneprins.co.za / 079 514 7087










Die Vriende van die Linden Biblioteek hou

# Boekverkoping!

| | |
|---|---|
| Wanneer: | Vrydag 19 Junie 2026 vanaf 9:30vm tot 2nm |
| Waar: | Linden Openbare Biblioteek, hoek van 4e Laan en 6e Straat |




Skenk asseblief gehalte boeke, veral kinderboeke aan die biblioteek.

Vondse word gebruik om nuwe boeke te koop.

## Sien julle daar!

# JUNIE 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| | Kultuur werkswinkel re Projekbestuur (Raadsaal) | Dogters en Seunshokkie vs Heronbridge<br>MMS (30 jr Viering) - Ouditorium | | JOMO Netbal Kampioenskappe (Crawford Ruimsig)<br>Skiet GSSU liga 3 H/S Florida | JOMO Netbal Kampioenskappe (Crawford Ruimsig)<br>Dogtershokkie : Liga finaal<br>Rugby vs Vryburg (t)<br>Skiet GSSU liga 3 H/S Florida<br>Seunshokkie Wes Rand Finaal (w)<br>Skaak: Distrik Individuele Finale rondte | JOMO Netbal Kampioenskappe (Crawford Ruimsig)<br>Tafeltennis Danie v Zyl gemeenskapssentrum<br>Seunshokkie Wes Rand Finaal (w) |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| | | | | | Gauteng Netbal DSTV (EG Jansen)<br>Rugby vs Riebeeckrand (t)<br>Fietsry Byeenkoms 2 | Gauteng Netbal DSTV (Florida) o/18 (Florida)<br>Tafeltennis Danie v Zyl gemeenskapssentrum |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| **Spesiale Skoolvakansiedag**<br>Gauteng Netbal S/S (EG Jansen)<br>Gholfers 18 Gaatjies by Randbpark | **Jeugdag**<br>Gauteng Netbal S/S (EG Jansen) | **HSRB Vroue Rolbaldag**<br>HS Randburg Orkes konsert 18:30 Ouditorium<br>Robotica 14:00 | | A capella inbly-oefennaweek | Netbal Motsepe toernooi<br>**Rugby: Streek/Prov Semi-finaal**<br>SANESA Gauteng 4<br>A capella inbly-oefennaweek<br>Robotica 08:00-12:00 | SANESA Gauteng 4<br>A capella inbly-oefennaweek<br>SA Schools Golf qualifiers (Kyalami) |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| | | | Gr 12 GVS Uitstappie | **Skool sluit**<br>Skiet SAARA KZN | GSN Netbalspanne en Caping – Gauteng netbal span<br>Skiet SAARA KZN | Netball All Ages<br>Seunskrieket Merenskytoer o/15<br>Seunskrieket Penryntoer o/14 |
| 29 | 30 | | | | | |
| Netball All Ages<br>Seunskrieket Merenskytoer o/15<br>Seunskrieket Penryntoer o/14 | Netball All Ages<br>Seunskrieket Merenskytoer o/15<br>Seunskrieket Penryntoer o/14 | | | | | |